basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2021

## VRYSTAAT

**PUNTE: 40**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Kortverhale (40)
   **OF**
   AFDELING B: Drama (40)

3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:

   AFDELING A: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   **OF**

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vrae oor die drama (*Perdekrag*) wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 90 minute

   **OF**

   AFDELING B: 90 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het.

**AFDELING A: KORTVERHALE**

**Beantwoord Verhaal A EN Verhaal B.**


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 1. **Verhaal A** | 20 | 4 |
| "My broer se kraai" | | |
| **EN** | | |
| **Verhaal B** | 20 | 6 |
| "Rooikoos Willemse is soek" | | |
| **OF** | | |
| 2. **Verhaal C** | 20 | 8 |
| "Leuens" | | |
| **EN** | | |
| **Verhaal D** | 20 | 10 |
| "Opgang" | | |


**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

**Beantwoord slegs EEN vraag.**


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 2. *Perdekrag* | 40 | 12 |

**Beantwoord SLEGS die vraag oor die kortverhale/drama wat jy bestudeer het, dit wil sê VRAAG 1 OF VRAAG 2 OF VRAAG 3.**

**VRAAG 1*: KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

VERHAAL A: "MY BROER SE KRAAI" – Chris Barnard (20)
EN
VERHAAL B: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries (20)

**VERHAAL A: "MY BROER SE KRAAI" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS A**

My broer het begin stiller word. Ons het dit almal gemerk. Hy was 'n vrolike vent, my broer, maar sy vrolikheid het begin afslyt. Hy het sy bes probeer om dit vir ons weg te steek, maar niemand om die bos gelei nie. Eenkeer het ek deur 'n venster staan en kyk hoe hy die kraai uit die hok probeer haal. Dit het 'n vreeslike gestoei afgegee. Ek het gedink hy gaan die kraai los. Maar hy het die kraai uit die hok gehaal en salf of iets aan die stukkende plekke probeer smeer. Hy het die swart voël teen sy wang probeer druk, maar kon dit nie regkry nie. Die kraai het so gespook en gekrap dat hy hom weer in die hok moes terugsit. Die kraai was waarskynlik nóg stukkender ná die operasie en oral om die hok het swart veertjies neergesif grond toe. My broer het kamer toe gegaan en die deur agter hom toegemaak.

1.1 Waar het die verteller se broer die kraai opgetel? (1)

1.2 Waarom kon die kraai nie vlieg nie? (1)

1.3 1.3.1 Wat het die verteller-hulle vir die broer gevra om met die kraai te doen? (1)

1.3.2 Waarom het die verteller-hulle dit gevra? (1)

1.4 Die kraai het daarvan gehou dat die mense vir hom staan en kyk.

Gee 'n rede uit die verhaal waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.5) neer.

Die verteller se broer het elke dag by die hok gaan sit. Hierdie optrede wys dat hy ... die kraai.

A lief was vir
B kwaad was vir
C jaloers was op
D dankbaar was oor (1)

1.6 Die verteller se broer wou die kraai hou, maar dit was nie die beste vir die kraai nie.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.6.1 tot 1.6.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.6.1 | Die broer wou 'n voël gehad het wat kies om by hom te bly. | A | Die gesin het die hele tyd aan die kraai gedink. |
| 1.6.2 | Die kraai het selfs in die nag geraas. | B | Die verteller het brood en vleis vir die kraai gaan haal. |
| 1.6.3 | Die broer het die kraai se seerplekke probeer dokter. | C | Die broer het nie weer by die hok gekom nie. |
| 1.6.4 | Die broer was hartseer nadat die kraai weggevlieg het. | D | Die kraai het die broer so gekrap dat hy hom in die hok teruggesit het. |
| | | E | Die broer wou nie 'n papegaai gehad het nie. |

(4 x 1) (4)

1.7 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Na drie dae het die kraai self teruggekom.
- Die kraai het tussen die bome weggevlieg.
- Die kraai het uiteindelik aan die broer behoort.
- Die verteller se broer het die kraai uit die hok uitgehaal. (4)

1.8 Die kraai het self teruggekom nadat hy vrygelaat is.

Wat lei jy hieruit af oor die kraai? Noem TWEE dinge. (2)

1.9 1.9.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die les in hierdie verhaal is dat (wilde diere in hokke aangehou kan word/'n mens nie jou keuse op ander kan afdwing nie). (1)

1.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.9.1. (1)

1.10 Die broer se optrede aan die einde van die verhaal hou vir die leser 'n boodskap in.

Gee TWEE redes waarom ons so kan sê. (2)

**EN**

**VERHAAL B: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS B**

Dus. Die Barrydalers wil nie hulle naam slegmaak nie. Hulle daar uit. En Rooikoos bulder agter hulle aan: "Ek sal daar wees vemirrag, ditsemsedatsemse," en al die soort dreigemente.

Rooikoos was die agtermiddag daar. Dit was sy fout. Want ek het al vir jou gesê Barrydale het daardie jaar 'n spannetjie gehad wat WP sou laat les opsê het. En ek het jou al gesê Rooikoos had 'n stem soos 'n beeskalf se bulbulk.

Wat dié agtermiddag met die Barrydalers aan die gang was, weet g'n mens tot vandag se dag toe nie, maar op loop kon hulle nie kom nie. Dan skop die losskakel doer agter oor die doodlyn as hy hom in die hoek wil neersit vir die een vleueltjie – 'n donkerkopkêreltjie met sulke bakbene, ek onthou hom nog. Hy's later getroud met Meisie van nig Meraai, en hulle kinders het almal ook sulke bakbene, jy moet maar oplet.

1.11 Waar op die dorp het Rooikoos gebly? (1)

1.12 Rooikoos was nie soos ander mense nie.

Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.12.1 tot 1.12.4) en die ontbrekende woorde neer.

1.12.1 Rooikoos het nie gereeld geskeer nie; daarom was sy ... baie lank en slordig. (1)

1.12.2 Sy swak puntjie was dat hy te veel ... het. (1)

1.12.3 Daardie Saterdagmiddag toe die rugby begin, was Rooikoos by die ... (1)

1.12.4 Daarom het ... se span nie gewen, soos almal gedink het nie. (1)

1.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.13) neer.

"... Barrydale het daardie jaar 'n spannetjie gehad wat WP sou **laat les opsê** het." (Reël 5)

Dit beteken dat Barrydale se rugbyspan daardie jaar ...

A hulle wedstryd teen WP sou verloor het.
B baie nuwe dinge geleer het.
C baie goed gespeel het.
D 'n jong spannetjie was. (1)

1.14 Rooikoos Willemse het daardie Saterdag moeilikheid veroorsaak.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.14.1 tot 1.14.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.14.1 | Rooikoos het lelik met die Barrydalers gepraat. | A | Barrydale se span het nie die wedstryd gewen nie. |
| 1.14.2 | Die hoteleienaar het mooi met Rooikoos en die Barrydalers gepraat. | B | Rooikoos het die oggend halfelf al begin drink. |
| 1.14.3 | Rooikoos het op Barrydale se losskakel geskree. | C | Die Barrydalers het Rooikoos se hare gekleur en sy baard afgeskeer. |
| 1.14.4 | Die Barrydalers wou vir Rooikoos straf. | D | Die Barrydalers het besluit om Rooikoos uit te los en het die kantien verlaat. |
| | | E | Rooikoos en die Barrydalers wou mekaar slaan. |

(4 x 1) (4)

1.15 1.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Rooikoos was (verbaas/bly) toe die kelner die volgende oggend vir hom koffie gebring het. (1)

1.15.2 Hoekom sê jy so? (1)

1.16 Wie het die foon van die hotel op Rooikoos se dorp geantwoord? (1)

1.17 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Rooikoos was hartseer omdat <u>iemand sy klere gevat het</u>. (1)

1.18 Die Barrydalers het betaal dat Rooikoos daardie nag in die hotel kon slaap.

1.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie optrede van die Barrydalers laat jou (kwaad/bly) voel. (1)

1.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.18.1. (1)

1.19 1.19.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die titel van die verhaal pas die beste by (die begin van/die einde van/regdeur) die verhaal. (1)

1.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.19.1. (1)

1.20 Gee TWEE redes waarom 'n mens kan sê dat jy Rooikoos in hierdie verhaal goed leer ken. (2)

**[40]**

## VRAAG 2: OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker

VERHAAL C: "LEUENS" – CM van den Heever (20)
EN
VERHAAL D: "OPGANG" – Ina Rousseau (20)

### VERHAAL C: "LEUENS" – CM van den Heever

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS C**

> ... Dan kyk sy weer na haar eie rok, al effens afgeslyt van die dra, en die ou wrokkende gedagte kom weer in haar op: waarom kan ander die mooi klere hê en sy moet skaam-skaam op die straat kom met hierdie rok van haar? Maar dan sien sy die vol gesiggie van haar seuntjie wat moet versorg word, daar kom 'n vertedering in haar oë, en dis of sy haar hoof in weemoed buig voor die wonderlike lewe self, die lewe wat haar so verslaan het ...
>
> Plotseling word sy bewus dat iemand langs haar gaan staan. Sy kyk op en hoor 'n bekende stem, met vreugdevolle verrassing daarin: "Ek dag dit is jy, Naomi! Ek was eers nie seker nie. En hoe gaan dit met jou?"
>
> "O, goed dankie. O, dis jy, Olga!" Naomi se gedagtes fladder soos 'n voël rond wat geen tak kan kry om op te sit nie.

2.1 Wat het Naomi daardie Saterdagmôre in Eloffstraat gaan doen? (1)

2.2 2.2.1 Waar het Olga en Naomi mekaar leer ken? (1)

2.2.2 Hoekom was Olga eers nie seker of dit wel Naomi was nie? (1)

2.3 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Naomi het met die bus na Olga se huis in Saxonwold gery.
- Naomi en Olga het mekaar in die stad raakgeloop.
- Olga het vir Naomi genooi om by haar te gaan kuier.
- Naomi het gesukkel om vir haarself 'n rok te maak. (4)

2.4 Olga was 'n mens wat baie gedink het oor wat sy uit die lewe wou hê.

Gee 'n rede uit die verhaal waarom die stelling ONWAAR is. (1)

2.5 Noem EEN leuen wat Naomi vir Olga vertel het. (1)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.6) neer.

"Naomi se gedagtes fladder soos 'n voël rond wat geen tak kan kry om op te sit nie." (Reël 10 en 11).

Hierdie vergelyking sê vir ons dat Naomi ... was.

A teleurgesteld
B ontevrede
C haastig
D geskok (1)

2.7 Noem TWEE dinge waaruit jy kan aflei dat Naomi 'n goeie ma vir haar seuntjie was. (2)

2.8 Naomi se kuier by Olga het nie verloop soos sy gedink het dit sou nie.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.8.1 tot 2.8.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 2.8.1 | Naomi het haar seuntjie met Olga se twee dogtertjies vergelyk. | A | Naomi het vrede gemaak met haar omstandighede. |
| 2.8.2 | Olga se groot huis en duur meubels het Naomi senuweeagtig gemaak. | B | Naomi het gewens sy kon beter speelgoed vir haar kind gee. |
| 2.8.3 | Olga het die omgewing waar sy gewoon het, goed geken. | C | Naomi het geweet dat haar vriendskap met Olga nooit weer dieselfde sou wees nie. |
| 2.8.4 | Naomi kon aan die begin haar eenvoudige omstandighede vir Olga wegsteek. | D | Olga het vir Naomi gevra om saam met haar vir arm gesinne te sorg. |
| | | E | Olga het agtergekom Naomi bly nie in die huis waar sy haar afgelaai het nie. |

(4 x 1) (4)

2.9 2.9.1 'n Les in hierdie verhaal is dat (leuens vriendskap kan vernietig/arm en ryk mense nie moet vriende wees nie). (1)

2.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.9.2. (1)

2.10 Hierdie verhaal waarsku jou dat 'n ryk lewe as kind nie 'n ryk lewe as 'n grootmens waarborg nie.

Gee TWEE redes waarom ons so kan sê. (2)

**EN**

**VERHAAL D: "OPGANG" – Ina Rousseau**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

'n Vrou sonder 'n masjien is 'n onding. Hoe lank is jy en Lukas al getroud, hê? Is Katrien nie al ses nie? Nou ja, *goed*: ek weet julle is arm mense. Maar my liewe goedertierenheidjie, as 'n mens 'n ding moet hê, dan móét jy dit tog hê. Dan maak jy 'n plan om dit te kry, maak nie saak hóé nie. Dis swaar om te glo jy's Piet se suster. As jy slim was, het jy jare gelede al 'n masjien uit Lukas uit gekry. Dan was dit nie vir jou nodig gewees om so op andere se barmhartigheid te teer nie. Ek weet ook nie vir wat ek jou elke keer maar laat stik nie. Dis nie dat jy en Lukas ooit 'n vinger oplig om enigiets vir my en Piet te doen nie. Maar so ís ek nou maar. My susters het al baie kere vir my gesê dis oor ek 'n hart het wat te saf is, dat mense my so misbruik.

2.11 Waar het die nuwe naaimasjien gestaan sodat die vriendinne dit kon sien? (1)

2.12 2.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lukas het gesê dat (net Hannetjie/die kinders ook) met die masjien mag werk. (1)

2.12.2 Hoekom het Lukas so gesê? (1)

2.13 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Lukas kon die naaimasjien bekostig omdat hy geld by 'n vriend geleen het. (1)

2.14 By wie het Meisie en Drien van die nuwe naaimasjien gehoor? (1)

2.15 Die nuwe naaimasjien het Hannetjie se hele lewe verander.

Kies elke keer die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.15.1 tot 2.15.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.15.1 | Hannetjie het lank sonder haar eie masjien gesukkel. | A | Hannetjie het beplan watter mooi klere sy vir haar en die kinders sou maak. |
| 2.15.2 | Hannetjie het kort-kort na haar nuwe masjien gaan kyk. | B | Lot was nou nie meer beter as Hannetjie nie. |
| 2.15.3 | Die nuwe masjien was 'n uitblinker. | C | Lot het gereeld haar vloere mooi blink gemaak. |
| 2.15.4 | Hannetjie het nou net soos ander vrouens haar eie masjien gehad. | D | Hannetjie moes Lot se masjien gebruik as sy naaldwerk wou doen. |
| | | E | Hannetjie se vriendinne kon nie uitgepraat raak oor die nuwe masjien nie. |

(4 x 1) (4)

2.16 Hannetjie was baie bly oor haar nuwe masjien.

Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (2.16.1 tot 2.16.4) en die ontbrekende woorde neer.

2.16.1 Lukas het die masjien by ... en Seun gekoop. (1)

2.16.2 Hannetjie sou rokkies vir Katrien en ... vir die seuns maak. (1)

2.16.3 Lot het altyd vir Hannetjie gewaarsku om seker te maak dat haar masjien se ... goed vasgedraai is. (1)

2.16.4 Meisie en Drien het na Hannetjie se nuwe masjien kom kyk toe ... by die agterdeur inkom met 'n paar nate wat sy wou stik. (1)

2.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.17) neer.

Wanneer Lot vir Hannetjie sê dat 'n vrou sonder 'n masjien 'n onding is, bedoel sy dat ...

A net arm vrouens sonder 'n naaimasjien is.
B 'n mens baie dinge met 'n naaimasjien kan doen.
C elke ordentlike vrou 'n naaimasjien behoort te hê.
D 'n vrou sonder 'n naaimasjien nie kan klere maak nie. (1)

2.18 2.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die titel "Opgang" pas die beste (by die begin van/by die einde van/regdeur) die verhaal. (1)

2.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.18.1. (1)

2.19 Gee TWEE redes waarom ons kan sê dat ons Hannetjie in hierdie verhaal die beste leer ken. (2)

2.20 2.20.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hannetjie se optrede teenoor Lot aan die einde van die verhaal laat 'n mens (goed/sleg) voel. (1)

2.20.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.20.1. (1)
**[40]**

**VRAAG 3**

***PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**

| | |
|---|---|
| LUCKY: | Nee, maar ek kan mos leer. Dis mos 'n perdeskool dié. Of mag net die ryk rotte die goed ry? |
| WILMA: | Jy gaan beslis nie op 'n perd se rug klim met so 'n houding nie. |
| LUCKY: | Nes ek gedink het. Net ryk boude vir hierdie hobby horses van jou. Armes soos ek moet maar loop. Of shit stir. |
| WILMA: | Dit het niks te doen met arm of ryk nie. Jy's hier om te werk. |
| LUCKY: | *(Kwaad.)* Nee, ek's hier, want ryk rotte gee meer om vir diere as vir arm mense. |
| WILMA: | Ag, stop dit nou. Jou storietjie raak nou afgesaag. *(Sy hou die leiband na Binki uit.)* Kom, vat Lady Jane na die kampie toe. Die De Beers wag. *(Binki kom versigtig nader en hou Lady Jane se leiband ver van haar af weg. Lady Jane volg gewillig, maar dit maak Binki steeds bang.)* *(Aanmoedigend.)* Mooi, Binki. Jy doen goed. |
| LUCKY: | *(Lag uitbundig.)* Sy lyk asof sy gaan flou val! Bangbroek-bybie! |

3.1 Wat was Wilma se posisie by die perdeskool? (1)

3.2 Lucky moes as straf by die perdeskool werk.

3.2.1 Wie was Lucky se prokureur? (1)

3.2.2 Hoe lank moes Lucky by die perdeskool werk? (1)

3.3 Een van Lucky se werkies was om die stalle uit te hark. Noem nog EEN ander werk wat Wilma vir hom gegee het. (1)

3.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.4) neer.

Wilma het vir Lucky gesê dat hy nie op 'n perd gaan ry met so 'n houding nie. (Reël 3) Dit wys dat Wilma ... teenoor Lucky opgetree het.

A streng
B simpatiek
C vriendelik
D emosioneel (1)

3.5 Die De Beers was ryk mense.

Gee 'n rede waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

3.6 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Lucky het die hooivurk gevat en begin werk.
- Wilma het vir Lucky gesê om die stalle uit te hark.
- Wilma wou hê Lucky moes die perdeskool verlaat.
- Lucky het vir Wilma gesê hy is nie daar om die vuil werk te doen nie. (4)

3.7 Lees weer reëls 1 tot 8 wat Lucky oor ryk mense sê.

Wat kan jy aflei omtrent Lucky se houding teenoor ryk mense? Noem TWEE dinge. (2)

3.8 Lucky het nie geweet wat alles by die perdeskool gebeur nie.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.8.1 tot 3.8.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.8.1 | Lucky was onbeskof. | A | Lucky het besef dat daar ander kinders is wat ook swaarkry. |
| 3.8.2 | Lucky het aspris stadig gewerk. | B | Wilma moes Lucky waarsku om nie vir Binki te boelie nie. |
| 3.8.3 | Lucky het 'n rolstoel onder die boom gesien. | C | Lucky wou die leiband om Tinkerbelle se kop sit. |
| 3.8.4 | Binki het gesê dat sy by Wilma bly omdat Sabrina haar nie kon versorg nie. | D | Lucky het besef dat hy sy ma se tyd en liefde moes waardeer. |
| | | E | Wilma het gesê dat Lucky nie kos gaan kry voor al die vuil strooi op die hoop is nie. |

(4 x 1) (4)

3.9 "Sy lyk asof sy gaan flou val! Bangbroek-bybie!" (Reël 14)

3.9.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Hierdie optrede van Lucky laat 'n mens (kwaad/opgewonde) voel. (1)

3.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.9.1. (1)

3.10 3.10.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

'n Les wat 'n mens uit hierdie drama kan leer, is dat dit (verkeerd is om te stereotipeer/goed is om van perde te hou). (1)

3.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.10.1. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

| | |
|---|---|
| WILMA: | Nee, dis nie waar nie. Hoor jy dan nie? Ek veroordeel jou nie. |
| LUCKY: | You could have fooled me. |
| WILMA: | Regtig. Wat jy gedoen het, is verskriklik, maar wat ek gedoen het, was nie veel beter nie. En ek was veronderstel om van beter te weet. Ek is mos volwasse, of hoe? |
| LUCKY: | Wat? Was jy dan ook wreed teenoor diere? |
| WILMA: | Nee, ek was nie wreed nie. Of ten minste nie doelbewus soos – *(Sy aarsel.)* |
| LUCKY: | Soos ek. Toe, sê dit. |
| WILMA: | Goed, nie wreed soos jy nie. Maar die skade was net so groot – nee, eintlik baie groter as joune, want ek was 'n grootmens. Maar los dit, dis lank gelede. |
| LUCKY: | Vertel. Toe, Antie, vertel. Dit sal my mos help. |
| WILMA: | *(Sug.)* Nou goed. Ek was – toe ek jonger was – 'n bietjie, hm, wild. *(Sy wag terwyl Lucky uitbundig lag, maar gaan dan voort.)* Ek was een aand by 'n partytjie. |

3.11 Wilma het vir Lucky vertel dat sy ook iets verkeerds gedoen het.

Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (3.11.1 tot 3.11.4) en die ontbrekende woorde neer.

3.11.1 Terwyl Wilma by die bure se partytjie was, het sy te veel … . (1)

3.11.2 Na die partytjie het sy met haar perd, met die naam … teruggejaag huis toe. (1)

3.11.3 Die perd het in 'n gat getrap en sy … gebreek. (1)

3.11.4 Nadat Wilma vir Lucky van hierdie insident vertel het, was hy ... dat hy so onbeskof met haar was. (1)

3.12 Lucky het erken dat hy wreed teenoor diere was. Wat het hy gedoen wat wreed was? (1)

3.13 Hoekom was Lucky so wreed teenoor daardie diere? (1)

3.14 3.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Met die werk wat Wilma by die perdeskool gedoen het, het sy probeer om dit wat sy verkeerd gedoen het, (te vergeet/ reg te maak). (1)

3.14.2 Hoekom sê jy so? (1)

Kopiereg voorbehou 

3.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.15) neer.

"Ek was – toe ek jonger was – 'n bietjie, hm, **wild**." (Reël 14)

Hiermee wou Wilma vir Lucky sê dat sy as jongmens ...

A kwaai was.
B goed kon perdry.
C onverantwoordelik was.
D graag op wilde perde gery het. (1)

3.16 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Lucky kon Wilma nie op haar naam noem nie, want <u>hy was bang vir haar</u>. (1)

3.17 Lucky moes leer om sy houding teenoor baie dinge te verander.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.17.1 tot 3.17.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.17.1 | Lucky wou nie saamwerk op die plaas nie. | A | Lucky het besef dat 'n mens uit jou foute kan leer. |
| 3.17.2 | Binki het vir Lucky vertel dat sy probeer het om haar hondjie uit die brand te red. | B | Lucky het besef dat alle mense seerkry. |
| 3.17.3 | Lucky het Binki se letsels gesien. | C | Lucky het geleer om stalle skoon te maak. |
| 3.17.4 | Wilma het vir Lucky van haar verlede vertel. | D | Wilma het gebel sodat Lucky kon teruggaan stad toe. |
| | | E | Lucky het besef dat diere met liefde en respek behandel moet word. |

(4 x 1) (4)

3.18 3.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die titel van die drama pas die beste (by die begin van/by die einde van/regdeur) die drama. (1)

3.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.18.1. (1)

3.19 Gee TWEE maniere waarop 'n mens Lucky in hierdie drama goed leer ken. (2)

3.20 Binki se optrede aan die einde van die drama motiveer die leser om probleme op te los. Gee TWEE redes waarom ons so kan sê. (2)

**[40]**

**TOTAAL: 40**

Kopiereg voorbehou